

Die Aankondiger

17 Januarie 2021



Prediker:

Ds. Chris Jacobs

Areas van sukses, areas van sukkel

Romeine 12:6 NLV

Die Bybel leer ons dat God vir ons elkeen sekere gawes gegee het, sowel as die genade om hierdie gawes te gebruik. Wanneer ons nie binne die area van ons gawes optree nie, sukkel ons. Ons moet dit in gedagte hou wanneer ons iemand sien wat presteer, of self 'n groot presteerder word.

Paulus het vyf tale gepraat en die helfte van die Nuwe Testament geskryf, maar hy het konstant met dit wat hy as 'die doring in sy vlees' beskryf het, geworstel. Toe hy tot God bid en Hom vra om dit te verwyder, het God nee gesê: '.....**My genade is genoeg vir jou, want my krag kom juis in swakheid tot volle verwesenliking**'... (2 Korintiërs 12:9 NLV). Ons het dus genade nodig in die areas waarin ons begaafd is, sowel as genade vir die areas waarin ons glad nie begaafd is nie.

Daar is 'n verhaal van 'n man wat na 'n bekende spreker gaan luister het en op die stoel langs die spreker se vrou beland het. Gedurende die praatjie, het die man opgelet dat die bekende spreker geborduurde kouse aan het. Met nadere ondersoek het die man gesien dat die letters op die spreker se kouse 'TGIF' gelees het. Toe die praatjie verby is, het hy die spreker gekomplimenteer en toe na die spreker se vrou gedraai en gevra: 'Hoekom sê jou man se kouse, TGIF: Thank Goodness It's Friday?' Sy het geantwoord: 'O, dis nie waarvoor die letters staan nie; dis om hom te help aantrek. Die letters staan vir 'Toes Go In First!'.

Solank as wat jy lewe sal jy in sekere areas uitblink en in ander areas sukkel. Jy sal egter vind dat God se genade genoeg is vir enige uitdaging waarvoor jy te staan sal kom. Dis die woord vir jou vandag.

VERJAARSDAE : 17 - 24 Januarie

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Van Wyk	Alexander	01/17		0790752250
Pistorius	Marie	01/18	012 664 4281	
Pretorius	Gerrie	01/18	012 664 1878	0845500889
Stephens	John	01/18		0736149001
Heese	Dirkie	01/19	012 664 3479	0832334123
Shires	Arthur	01/19		0832254564
Janse Van Rensburg	Annatjie	01/20	012 664 4041	0722075013
Oickers	Susan	01/20	012 664 3061	
Wheeler	Carina	01/20	012 644 2131	0722875778
Wheeler	Francois	01/20	012 644 2131	0722875499
Marais	Charné	01/22	012 664 6960	



Lief en Leed

- *Bly bid vir Rusoord, dat hulle nie deur die tweede vlaag Covid getref sal word nie. Die siekte het geweldige eise aan inwoners, personeel, administrasie en finansies gestel.*
- *Jansie Kilian is weer in die hospitaal opgeneem in hoë sorg. Sy sukkel nog met asemhaling en is nog op suurstof. Ons bid vir volkome herstel.*
- *Magriet Engelbrecht het gesterf en die viering van haar lewe het Donderdag 14 Januarie plaasgevind.*
- *Trudie Nel is oorlede. Ons bid vir die familie vir vertroosting.*
- *Bid asb vir Andries en ander Stapelberg familie. Andries se sussie Linda het vanoggend gesterf van "covid". Haar man is nog in ICU.*